

Graad 7



A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. Met 'n elementêre kennis van die veld, sy inwoners en sy elemente toe te rus.
2. Te leer om die veld en die natuur beter te verstaan.
3. Te lei om 'n liefde en waardering vir die veld te ontwikkel.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Kennis maak met die veld:
 - Tien inheemse plante en/of diere van sy eie omgewing identifiseer.
 - Vyf indringerplante en/of -diere van sy eie omgewing identifiseer.
 - Die oorsake, voordele en nadele van veldbrande in die omgewing bespreek.
 - Inligting versamel van minstens vier instansies wat hulle beywer vir die bewaring van die natuur.
2. 'n Veldervaring ervaar:
 - Luister na die daggeluide van die veld.
 - Luister na die naggeluide van die veld.
 - Minstens drie plante aan hul reuk identifiseer.
 - Die Suiderkruis in die sterreheemel soek en rigting daarvolgens bepaal.
3. In staat wees om die volgende natuurverskynsels te lees en vertolk:
 - Weet hoe om die heersende windrigting in 'n bepaalde area vas te stel en weet waarom kennis hiervan belangrik is.
 - Besoedeling in die omgewing waarneem, die oorsaak daarvan bepaal en 'n moontlike oplossing aan die hand doen.
 - Erosie identifiseer, oorsake bepaal en 'n moontlike oplossing voorstel.
 - In staat wees om die verskille in plantegroei te kan uitken tussen:
 - hoogliggende en laagliggende dele.
 - droëland en waterryke dele.
 - noordelike en suidelike hange van 'n berg of koppie.
 - 'n Studie maak van die skakeling tussen plant en dier en weet hoe minstens een dier vir sy voortbestaan totaal van plante afhanklik is asook een plant wat vir sy voortbestaan van diere afhanklik is.
4. Die volgende opdragte uitvoer:
 - Leer vier liedjies wat handel oor die veld.
 - Leer vier spreekwoorde of idiome wat handel oor die veld
 - Leer vier plante uit die Bybel deur middel van prente en beskrywings
5. Die Nasionale bok, boom, voël en blom kan identifiseer. Prente en foto's kan gebruik word.
6. Weet wat die Rooidata lys is en die volgende bespreek:
 - Wat is die verskil tussen skaars, bedreig en uitgestorwe.
 - Een plant en een dier wat op die lys is volledig bespreek.
7. Identifiseer drie van die volgende (kan ook deur prente wees) en leer twee eienskappe van elk:
 - Voëls
 - Insekte

- Reptiele
- Soogdiere

C AANBIEDING

Die doel van die spesialisasie is **nie** om 'n veldkenner van die kind te maak nie. Die kind moet na die verwerwing van dié kenteken bewus wees van die wisselwerking van die natuur asook hoe om sinvol te leef en te oorleef in die veld.

1. Slegs 'n basiese identifisering van plante en diere deur middel van besondere kenmerke en eienskappe is nodig. Konsentreer op die voor- en nadele van veldbrande in die omgewing. Die inligting oor die instansie moet die volgende insluit: die naam, die spesifieke taak en die werksaamhede.
2. Ervaar dit prakties. Moenie net vertel nie.
3. Bespreking en verduidelikings word sover moontlik gegee waar die verskynsels voorkom. Die doel van die afdeling is om oplettheid in die veld te bevorder, om oorsake en gevolge van natuurverskynsels te begryp en om die interafhanklikheid van plante en diere te begryp en te verstaan.
4. Probeer om die liedjies deurentyd te sing terwyl daar gestap word, die plante uit die Bybel kan tydens stiltetyd gedoen word.
5. Doen moeite om hierdie deel so prakties as moontlik te maak.
6. Dit is geweldig belangrik dat die kind die verskille moet weet.
7. Opdrag duidelik.